**’n PREEK OOR AFLAAT EN GENADE 1518. MARTIN LUTHER.**

1. Julle moet weet dat verskeie nuwe geleerdes soos Petrus Lombardus, Thomas van Aquino en hulle navolgers boetedoening in drie dele verdeel, naamlik:

- die berou,
- die bieg, en
- genoegdoening.

En alhoewel hierdie onderskeid moeilik, en eintlik ook glad nie volgens die Skrif begrond kan word nie, dit kan ook nie deur die ou heilige Christelike geleerdes begrond word nie, wil ons tog hierdie onderskeid so hou en binne hulle verwysing daaroor redeneer.

2. Hulle sê dat die aflaat vervang nie die eerste of tweede gedeelte van die boetedoening nie, dit wil sê die berou of die bieg nie, maar wel die derde deel van die bieg, naamlik die genoegdoening.

3. Die genoegdoening word verder in drie dele ingedeel, dit is:

- gebed,
- vas en
- die gee van aalmoese,

en dan wel so:

- Gebed beteken alle dade van die gees soos lees, oordenking, om na God se Woord te luister, om te preek en onderrig te gee;
- Vas beteken al die dade waarmee jy jou vleeslikheid kasty soos om te wag, te werk, om op ’n harde bed te slaap of growwe klere te dra;
- Om aalmoese te gee beteken alle dade van liefde en barmhartigheid teenoor jou naaste.

4. By hulle almal is dit sonder twyfel so dat die aflaat al die dade van genoegdoening, wat vasgestel is vir sonde wat gedoen word, vervang. *(Dit wil sê wat in die boetedoening by die priester en deur die priester opgelê word)*[1] Want sou hulle al hierde dade wegneem, bly daar niks meer goed oor om te doen nie.

5. By baie is daar nog groot en onuitgemaakte strydvrae gewees of aflaat ook iets meer sou kon wegneem as sulke opgelegde dade in boetedoening, bedoelende of dit ook die dade wat deur God se geregtigheid vereis word oor sonde sou kon wegneem.

6. Vir eers laat ek hulle opinies so sonder om dit te verwerp. Ek sal dit egter sê, dat ’n mens nie uit die Skrif kan bewys dat die geregtigheid van God ten opsigte van straf

---

[1] Vertaler se toeligting.

en genoegdoening iets anders van die sondaar begeer of eis as net die hartlike berou of bekering nie, met die voorneme om voortaan die kruis van Christus te dra en bogenoemde dade, ook al word deur niemand voorgeskryf nie, te doen.

Want dit is hoe die Here dit in Esegiël stel: “Wanner die sondaar hom bekeer en doen wat reg is, dan wil ek nie meer aan sy sonde dink nie. (Eseg. 18:21 e.v. 14 e.v.)

Op dieselfde wyse het die Here almal vrygespreek: Maria Magdalena, die jiglyer, die egbreekster en ander. Ek sou graag wou hoor wie dit anders wil bewys.

7. In die Skrif vind ’n mens wel dat God verskeie volgens sy geregtigheid straf of deur straf tot berou dring, soos dit in Psalm 89 vers 31 gestel word: “As sy kinders sondig sal Ek met die roede hulle sonde besoek maar nie my barmhartigheid van hulle weerhou nie.”

Maar niemand het die gesag om hierdie tipe straf kwyt te skeld behalwe God alleen nie. Ja, God wil nie hierdie straf kwytskeld nie maar beloof juis dat Hy dit sal oplê.

8. Daarom kan ’n mens die straf wat hulle uitdink nie enige beskrywing gee nie, niemand weet ook wat dit eintlik is nie in soverre dit nie hierdie straf van God is of die bogenoemde goeie werke nie.

9. Wanneer die Christelike Kerk vandag nog besluit en verklaar dat die aflaat meer as net die genoegdoening vervang, sou dit duisend keer beter wees dat mense eerder hierdie werke doen en die straf ly.

Want die aflaat is nie iets anders nie, nog kan dit iets anders word nie, as die kwytskelding van goeie werke en heilsame tug wat ’n mens eerder moet nastrewe as om daarvan kwytgeskeld te wil word. (Alhoewel etlike van die nuwe soort predikers twee soorte strafvorme versin het: die een soort straf dien as genoegdoening en die ander soort straf dien as “verbetering”.)

Ons het egter meer vryheid om sulke en soortgelyke geklets te minag (dank die Here daarvoor) as wat hulle kan hulle kan uitdink; want alle straf, ja alles wat God oplê vir ’n Christen tot verbetering is nuttig en draaglik.

10. Dit is heeltemal ongehoord dat die straf en werke soveel is dat die mens weens die kortheid van sy lewensspan dit nie kan volbring nie en daarom aflaat nodig sou hê.

Daarteenoor stel ek dat dit geen grond het om op te staan nie en ’n blote versinsel is.

Want God en die heilige kerk lê op niemand iets meer as wat dit moontlik is om te dra nie. Soos Paulus dit ook in 1 Kor. 10:13 stel, dat God niemand bo sy kragte sal laat versoek word nie.

Al wat die Christendom hierdeur regkry is die skande dat mense die kerk beskuldig dat hulle meer oplê as wat gedra kan word.

11. Want, net soos wat die vasgestelde boetedoening in die geestelike reg nog geld dat vir enige doodsonde sewe jaar se boetedoening opgelê moet word, so moet die Christendom dieselfde tog vasgestel uitlos en nie meer oplê, as wat elkeen moet dra nie.

Net soveel minder moet ’n mens jou daaraan steur as meer opgelê word, as wat ’n mens kan dra wanneer die boetedoening nie meer geldig is nie.

12. Mense sê wel dat die sondaar met die straf wat oor is gewys sal word op die vagevuur of die aflaat, maar daar word wel hierdeur net meer dinge gesê waarvoor daar geen gronde of bewyse is nie.

13. Dit is ’n groot dwaling dat iemand dink hy wil vir sondes genoegdoening doen, alhoewel God dieselfde sondes altyd verniet, uit onpeilbare genade vergewe en niks anders wil hê as dat ’n mens voortaan ’n goeie lewe sal leef nie. Die Christendom eis egter wel iets.

Op hierdie wyse waarop God vergewe kan en behoort hulle sonde ook kwyt te skeld en niks swaars of ondraaglik op te lê nie.

14. Aflaat word ter wille van die ongeërgde en lui Christene toegelaat, wat nie in ywerig hulle self in goeie werke wil oefen nie en nie wil nie wil moeite hê nie. Want aflaat eis van niemand om beter te word nie, maar duld hulle ongeërgdheid en laat dit toe. Daarom moet ’n mens nie teen aflaat argumenteer nie maar ’n mens moet ook nie iemand probeer daarvan probeer oortuig nie.

15. Hulle wat net terwille van God iets bydrae tot die St. Pieterskerk of wat nog anders voor gevra word, doen veel meer beduidender en beter as wat hulle aflate daarvoor sou koop.

16. Om aan ’n behoeftige goed te doen is baie beter as om iets vir ’n gebou te gee, ook baie beter as om ’n aflaat te koop. Want soos ek dit gesê het: dit is beter om ’n goeie werk te doen as om van baie kwytskelding te verkry.

Aflaat is egter of die kwytskelding van baie goeie werke of dit is niks ywer meer nie.

Ja, omdat ek die die regte optrede voorhou, let op: Jy moet voor jy enige iets anders doen, (dit sluit die St. Pieterskerk en aflaat in) jou naaste as armes versorg as jy iets wil gee!

Wanneer dit sou gebeur dat daar niemand meer in jou dorp is wat hulpbehoewend is nie, wat, soos die Here dit beskik, nooit sal gebeur nie, dan moet hy gee, soos jy wil, vir die kerkgeboue, die altare, die verfraaiing en die nagmaalservies in jou eie dorp.

En wanneer dit ook nie meer nodig is nie, dan kan jy, soos jy wil, vir die bou van die St. Pieterskerk of vir enige iets anders gee.

Dit moet jy ook net nie ter wille van die aflaat doen nie. Want Paulus sê in 1 Tim 5: 8 “Wie sy eie gesin nie versorg nie, is nie ʼn Christen nie en is erger as ʼn heiden.”

Jy moet hierdie vaste oortuiging hê: Wie jou anders leer mislei jou of soek jou siel in jou beursie en as hy geld daarin kry, is dit vir hom kosbaarder as jou siel.

As jy vra: “Moet ek dan nooit aflaat koop nie?”, is my antwoord: “Dit het ek reeds hierbo gesê, dat dit my wil, my begeerte, my gebed en raad is dan niemand aflaat koop nie. Laat die lui en slaperige Christen aflaat koop. Los jy dit uit!

17. Aflaat is nie verpligtend volgens God se wet ook nie iets wat aan te beveel is nie, maar dit tel as van die dinge wat toegelaat en veroorloof is. Daarom is dit nie ʼn daad van gehoorsaamheid aan God nie. Dit is ook nie ʼn godsdienstige verdienstelike daad nie, maar ʼn ontvlugting van gehoorsaamheid.

Alhoewel ʼn mens niemand moet keer om aflaat te koop nie, moet ʼn mens alle Christene (*uit oortuiging*)[2] daar van laat afsien en hulle eerder aanmoedig tot dade van gehoorsaamheid en tot die aanvaarding van die tugtiging wat in die aflaat kwytgesteld word.

18. Of siele deur die koop van aflaat uit die vagevuur losgekoop word, weet ek nie en glo ek ook nie, alhoewel verskeie nuwe mense met doktorsgrade dit leer.

Dit is egter vir hulle ontmoontlik om dit te bewys. Die Kerk het ook nog nie so besluit geneem nie. Daarom is die vir groter sekerheid veel beter om vir hulle te bid en te werk. Want dit is bewysbaar en verseker.

19. Oor hierdie standpunt het ek geen twyfel nie. Dit is deur die Skrif genoegsaam begrond. Daarom moet julle hieroor ook geen twyfel hê nie. Laat die mense met hulle skoolse doktorsgrade skoolmeesters wees. Al hulle skoolse opvattings is nie genoeg om een preek oor aflaat te bekragtig nie.

---

[2] Vertaler se verduideliking

20. Al is dit nou so dat verskeie mense my nou wel as ketter wil uitskel, omdat hierdie tipe waarheid baie skadelik vir die geldkas is, ag ek tog hierdie lawaai nie belangrik nie.

Omdat niemand dit doen nie behalwe ʼn paar mense wat met hulle verduisterde verstand nog niks van die Bybel af weet nie, wat nog nooit die Christelike geloof geleer het nie, wat hulle eie dosente nie verstaan nie maar in hulle onsamehangende en uitmekaargeskeurde skoolse opvattings byna verrot is.

Want sou hulle dit verstaan het, sou hulle geweet het dat hulle niemand sonder verhoor en sonder dat hy skuldig bewys is, mag laster nie.

God gee tog aan ons en hulle die regte verstaan!

Amen.

In Afrikaanse vertaal deur ds. PJ Kriel
Levubu.
18.04.2016